# 06
# PAASTYD

Jaargang 24 | 17 April 2026

# VRY POS



LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk
Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*



NG Kerk Vrystaat

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe | Mariëtte Odendaal - Louwrens Scheepers, Rikus van Zyl, Tobie de Wet | Enrico Casaleggio | Andries Gous
Stéphan van der Watt | Leon M Foot | Juanita Meyer | *CLF* | *Kerkbode* | *Bybel-Media* | *Engo* Vrystaat | *Bybelgenootskap SA*

## PAASTYD

Die tydperk tussen Christus se Opstanding en sy Hemelvaart is betekenisvol in die geskiedenis van die Christelike kerk. Dit word vir ons duidelik dat die tyd tussen Opstanding en Hemelvaart 'n oorgangstyd was waarin Jesus sy dissipels op "n nuwe bedeling voorberei het, wat die nuwe bedeling van die Gees genoem word (Rom 7: 6). Kort na sy Hemelvaart het hierdie bedeling met die uitstorting van die Gees op Pinksterdag dan ook aangebreek. Die werk wat Christus vir ons verlossing moes kom bewerk het om ons met God te versoen was volbring en afgehandel.

## DAGBOEK DÍT




## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 8 Mei** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
**Suzanne van der Merwe** | *Kroniese Kronieke - narratiewe van 'n nuwe normaal: Crohn-siekte (Inflammatoriese dermsiekte – IBD)*

## ARTIKELS 05

**05** | **BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO NETWERK
**Mariëtte Odendaal** | *As Philippolis Stillepolis word - 'n Paasfees-retraite*

**07** | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Gemeente-uitreike
**Mariëtte Odendaal** | *Paasfeesboodskap langs N1 - én viering met breër gemeenskap*

**08** | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Die Pan-Islamitiese burgeroorlog in Iran en die Persiese Golf*

**09** | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

**11** | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Missie Japan
**Stéphan van der Watt** | *Nuusflits: Kinder-Paasfees*

**12** | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Missie Japan/RCJ
**Mariëtte Odendaal** | *Nuwe fase in Verre Ooste*

## MEDIATEEK 15

**Leon M Foot** | *Kom lees 'n boek:*

Johan Cilliers
***Sal die regte Jesus asseblief opstaan***

Ernst Conradie
***Om reg te stel – oor regverdigheid én geregtigheid***

## VERJAARSDAE 17

## EKOLOGIE 18

**Mariëtte Odendaal** | **Aardedag, 22 April 2026** *– "Ons krag, ons planeet"*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

**21** | **SINODE 2026** - Registreer vandag
**21** | CLF - Pinksterreeks 2026
**23** | Advertensies

## OPLEIDING 26

## KERKBODE BROKKIES 27

## PUBLIKASIES 28

## WAT'S NUUS? 29
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 30

**Juanita Meyer** | *Tussen "Hier is ek!" en "Wie is ek?"*

## KONTAK ONS 31



# Kroniese Kronieke

## *narratiewe van 'n nuwe normaal*

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Dr Suzanne van der Merwe*

**Crohn-siekte**
(Inflammatoriese dermsiekte – IBD)

### Wanneer die liggaam 'n onvoorspelbare ritme skep

Hierdie artikel bied informasie vanuit Kroniese Kronieke se voortgaande navorsing oor die persoonlike ervaring van kroniese siekte met die fokus op selfbestuur, versorger-ondersteuning, professionele begeleiding en die werks- en gemeenskapsruimtes waarin mense met kroniese siektes leef. Vanuit 'n waardegedrewe raamwerk wat ook binne geloofskringe resoneer, word wetenskap en persoonlike verhale in gesprek gebring.

*Jou reis met **kroniese siekte** is ons prioriteit*

***Dr Suzanne van der Merwe, besigheidshoof en woordvoerder van Kroniese Kronieke** in samewerking met **Dalene Hartzer** (moeder en versorger van haar dogter met Crohn-siekte). **Navorsingsdeelgenoot van Kroniese Kronieke**.*

*"Ons Bekkie wat sommer voor 'n spieël in klere-winkels dans – jy lê nou net kragteloos, soggens tot saans."*

(Blog, 16 November 2025, Hoe leef 'n mens met Crohn se siekte – 'n moeder se oogpunt) – so dig 'n moeder oor haar agtjarige dogtertjie wat met Crohn-siekte gediagnoseer is.

**Lees** meer »

**Kroniese Kronieke**
**&**
**KleynVDM**

bied aan

# MASKERADE 2026

## Hoop ontvlam waar broosheid en deernis ontmoet

'n Simfonie van eerlikheid en hoop

**16 Mei 2026**
**om 10:00**



**Venue: NG Kroonstad-Noord Kerksaal**

**R280 per persoon (ete ingesluit)**

**Bespreek jou plek by 063 478 5988 teen 4 Mei 2026.**

**Maskerade 2026** is 'n produksie wat elkeen na liggaam, siel en gees versterk. Dit sluit in musiek, voorlesings, dans, kuns, verhale en 'n heerlike ete. 'n Program wat ruim geleentheid skep vir kroniese verhale van daaglikse broosheid, waar lyding deernisvolle ondersteuning ontvang en waar hoop sonder maklike antwoorde groei.

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO NETWERK
*Mariëtte Odendaal*

***Foto:*** *Paasfees-retraite in Philippolis (deur ds Louwrens Scheepers)*



# As Philippolis *Stillepolis* word

## 'n Paasfees-retraite

Paasfees is die hoogtepunt op die Christelike kalender; die herdenking van wat Jesus se lewe en dit waarvoor Hy gestaan het, naamlik vergifnis, heling en vrede, opnuut vir ons as sy navolgers betekenis kry.

As jy dan nog so bevoorreg is om dit tydens 'n Paasfees-retraite te kan ervaar, kry dit soveel meer betekenis. Ds Louwrens Scheepers van Philippolis het vanjaar so 'n retraite daar aangebied.

Hy vertel: "Philippolis, die oudste nedersetting in die Vrystaat, is 'n klein, rustige dorpie met 'n ryk en soms pynlike geskiedenis.

> *"My hoop is nie dat mense met groot 'geestelike hoogtes' huis toe sal gaan nie, maar dat hulle met 'n eenvoudiger, dieper vertroue terugkeer; dat God se teenwoordigheid genoeg is – selfs in die stilte – en dat nuwe lewe nie deur meer doen kom nie, maar deur rus in Hom."*
>
> **Ds Louwrens Scheepers**
> Aanbieder: Paasfees-retraite

Hier dra die grond en die ou geboue steeds die stories van Boesmans, Griekwas, sendelinge, boere, Engelse soldate, oorlog, ontworteling en oorlewing. Die verlede voel nie ver nie – dit bly naby; amper tasbaar in die wind, die oop vlaktes en die diep stilte wat oor die dorp lê.

"Philippolis bied iets besonders wat 'n mens selde op ander plekke vind: 'n ruimte waar stilte kan heel en waar geskiedenis soms nuwe woorde kry. Tussen die witgekalkte mure, onder die helder Vrystaatse lug en te midde van die stadige ritme van plattelandse lewe, ontstaan daar 'n heilige soort tyd — 'n tyd wat uitnooi om tot stilstand te kom.


"En met so 'n retraite word Philippolis, Stillepolis ..."

**Lees** meer »



# Barend Wessels
## Gedenksentrum







MEENTHUISE
# TE HUUR

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

### HUURBEDRAG

**R8,380** / MAAND

### MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

### KENMERKE

- 2 Slaapkamers
- 1 Badkamer
- 1 Motorhuis
- 110 m²

KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING · ngkerkvrystaat.co.za · ontvangs@ngkvs.co.za · (051) 406 6700

VENNOTE IN GETUIENIS
Gemeente-uitreike
*Mariëtte Odendaal*

# Paasfees-boodskap langs N1

## én viering met breër gemeenskap

***Foto's**: Verskaf deur ds Rikus van Zyl.*







*"Die feit dat die lidmate van verskillende denominasies aan die geleentheid deelgeneem het, het die band van gemeenskap van gelowiges op 'n besondere manier versterk."*

**Ds Rikus van Zyl**
Edenburg-gemeente

Ons land is bekend vir sy uitgestrekte vlaktes en lang afstande tussen hoofstede en dorpe. As jy dan soms iets langs die pad opmerk wat jou aanraak, kan jy in die stilte van jou voertuig verder daaroor nadink, soos met die onlangse Paasfees wat wêreldwyd gevier is. Dis by uitstek 'n tyd van weer stil word en nadink oor wat Jesus Christus al in ons lewens beteken het en nog steeds beteken.

As jy dan wonder hoe 'n mens hierdie boodskap prakties breër kan verkondig, is 'n boodskap met sagte woorde langs die pad dalk net wat jou gemoed in hierdie uitdagende tye nodig het.

En dit is presies waaraan ds Rikus van Zyl gedink en sy lidmate van die Edenburg-gemeente gemotiveer het om die afgelope Paasfees te doen. Edenburg is 'n klein plattelandse dorpie 80 kilometer suid van Bloemfontein langs die N1 – ideaal om so 'n boodskap met duisende verbygaande Paasfeesgangers op pad Kaap of Johannesburg toe te deel.

Ons het meer by ds Van Zyl oor hul inisiatief gaan uitvind.

**Lees** meer »

# ISLAM

## Die Pan-Islamitiese burgeroorlog in Iran en die Persiese Golf

Vanaf April 2026 word die huidige konflik waarby Iran, die VSA, en streeksmoondhede soos Saoedi-Arabië en die Verenigde Arabiese Emirate (VAE) betrokke is, dikwels deur ontleders beskryf as 'n soort "Pan-Islamitiese burgeroorlog".

Hoewel dit tegnies 'n internasionale oorlog tussen soewereine state is, word die konsep van 'n burgeroorlog binne 'n godsdiens algemeen om die volgende redes gebruik:

**1. Die konsep van die "Ummah"**

Baie Moslems beskou hulleself as deel van een wêreldwye gemeenskap, die *Ummah*. Vanuit hierdie perspektief word enige konflik tussen Moslem-lande as interne twis (*fitna*) gesien. Sommige kenners vergelyk dit met die Dertigjarige Oorlog wat Europa vroeër tussen Rooms-Katolieke en Protestante verdeel het.

**2. Sektariese polarisasie (Sjia vs. Sunni)**

Die konflik is diep verdeel volgens die *Sjia-Sunni-skeiding*: Iran (Sjia) beskou homself as die beskermer van die "verontregtes" en die regmatige leier van die Islamitiese wêreld. Sunni-state (bv. Saoedi-Arabië, VAE, Koeweit) sien Iran se streeksambisies en ondersteuning aan splintergroepe (die "As van Verset"[1]) as 'n direkte bedreiging vir hul soewereiniteit en die gevestigde Sunni-orde.

**3. Onlangse militêre eskalasie (Vroeë 2026)**

Teen April 2026 het hierdie spanning in direkte militêre botsings verander, onder andere deur lugaanvalle. Ná 'n massiewe eskalasie in Februarie en Maart 2026 het Iran honderde hommeltuie en missiele op VSA-basisse en infrastruktuur in Bahrein, Jordanië, Koeweit, Katar, Saoedi-Arabië en die VAE afgevuur.

**4. Teenargument: geo-politiek bo godsdiens**

Baie ontleders meen egter dit is eerder 'n geo-politieke magstryd as 'n pan-Islamitiese burgeroorlog. Dit gaan volgens hulle eerder oor 'n sluiting van alliansies. Iran ondersteun Hamas (Sunni) om Israel teen te staan, wat wys dat strategiese belange soms sektariese verskille oortref. Ander wys daarop dat dit waarskynlik eerder oor nasionale belange gaan. Die konflik gaan oor beheer van die Straat van Hormuz, olierykdom en heerskappy in die streek.

Kortom: As jy kyk na gedeelde identiteit, is dit 'n oorlog binne 'n geloof; as jy kyk na grense en wette, is dit 'n streeksoorlog vir mag.

Kontak dr Enrico Casaleggio vir meer inligting by enrico.casaleggio@absamail.co.za

*[1] Die "**As van Verset**" (in Arabies: Mahwar al-Muqawamah) is 'n informele, Iran-geleide politieke en militêre koalisie in die Midde-Ooste wat gekenmerk word deur hul teenkanting teen Israeliese en Westerse (veral Amerikaanse) invloed in die streek. Die koalisie word gelei deur Iran en bestaan uit 'n netwerk van sowel staats- as nie-staatsfaktore. Die belangrikste lede sluit in: Hezbollah in Libanon, Hamas en die Palestynse Islamitiese Jihad in die Gazastrook. Dit sluit ook in die Houthi-beweging in Jemen en verskeie Sjiitiese milities in Irak en Sirië.*

---

*'n Reeks Islam-artikels. Hier is 'n artikel waarin dr Enrico Casaleggio argumenteer dat die oorlog in Iran en die Persiese Golf eintlik 'n burgeroorlog is, aangesien almal (behalwe Israel en Amerika) Moslems is.*

**Lees** hier »






# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

### Die Here is getrou – 'n Terugblik en getuienis uit die veld

Die afgelope tyd is die bediening opnuut herinner aan die waarheid dat die Here God getrou is en nie die werke van sy hande laat vaar nie. Op verskeie terreine – van jeugbediening tot gemeentelike ontwikkeling en teologiese opleiding – was daar duidelike tekens van God se genade en werking.

### Jeugbediening en geestelike groei

Die Tsumkwe-jeugkamp het 'n besondere hoogtepunt gevorm. Hoewel daar vir 80 kinders beplan is, het 90 kinders uiteindelik deelgeneem. Dit was 'n groot voorreg om hierdie jongmense met die evangelie te bedien.

Tydens die eerste blok van Groep 3 se opleiding het nog drie jong manne tot bekering gekom, wat die totaal op sewe te staan gebring het. Hierdie jongmense het tot 'n diep besef gekom dat Jesus Christus die Weg, die Waarheid en die Lewe is – 'n rede tot groot dankbaarheid en lof aan die Here.

### Gemeenskapsbediening en getuienisse

'n Besonderse getuienis het uit Nhoma gekom, waar daar gebid is vir drie manne. Een van hulle, Josef, het besluit om sy lewe om te draai en die pad van die Here te volg. Hy het self getuig dat hy die pad van die lig wil loop, en word nou deur Gert, die ouderling van Nhoma, begelei op sy geloofspad.

### Gemeentelike ontwikkeling en selfstandigheid

Kerkraadsvergaderings is suksesvol op Tsumkwe en Luhebu Noord gehou, ondanks groot afstande – tot 1 800 km se reis. Op Luhebu Noord het die gemeenteleiers die vergadering selfstandig beplan en gelei sonder enige hulp van buite. Hierdie ontwikkeling is 'n belangrike mylpaal op pad na groter selfstandigheid.

**Lees** meer »

# DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING 2



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk Vrystaat

**'n Opvolgkursus waar ons kyk na wat alles na die Argief gestuur moet word en hoe om daardie inligting te verwerk en deur te gee.** Ons kyk ook oorsigtelik na die werksaamhede van die Sinodale kantoor, die POPI-wetgewing, die Kerkorde, die opstel van agendas en skryf van notules en die Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede.

**22 APRIL • R150** & **06 MEI • R150**

| | |
|---|---|
| Inskrywings sluit 19 April | Inskrywings sluit 3 Mei |
| **KROONSTAD-SUID \| 09:00** | **BHM-PANORAMA \| 09:00** |
| *Schonbornstraat, Suid-Rand, Kroonstad, 9499* | *Goldberglaan 12, Bethlehem, 9701* |

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## *Kinder-Paasfees*

Vir jare het ons duisende pamflette uitgedeel om kinders uit ons buurt uit te nooi na verskeie geleenthede by ons plaaslike gemeente, RCJ Kita Kobe Christ Church. Soms het 'n handjievol gekom. Soms nie eens een enkele kind nie.

Verlede Saterdag, vir ons Kinder-Paasfees Partytjie, het 32 kinders deelgeneem (52 insluitend volwassenes)! Definieër 'n wonderwerk. Miskien is 'n wonderwerk wanneer dit onmoontlik is om NIE God aan die werk te sien nie. Ons is opnuut oortuig: al wat God van ons vra, is getrouheid.

Wonderwerke vloei uit God se plan vir Japan, nie ons s'n nie. Ons waardeer julle gebede en ondersteuning as ons getuienisvennote, om die evangelie van Christus in Kobe en verder te deel.

**Lees** hier »

***Foto:*** *'n Kort video van die onlangse Paasfees-geleentheid vir kinders by die RCJ Kita Kobe Christ Church (verskaf)*




## RCJ-verklaring

### Protes teen die onuitgelokte aanval van die VSA en Israel op Iran, en 'n oproep tot 'n vreedsame oplossing

'n Verklaring en oproep tot gebed van ons susterskerk, die Christelik Gereformeerde Kerk van Japan (RCJ) i.v.m. die oorlog in die Midde Ooste. Kom ons hou aan bid vir vrede en uitkoms. Lees meer **HIER**.

***Foto:*** *verskaf*





*Foto: Verskaf*

# Nuwe fase in Verre Ooste

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan/RCJ
*Mariëtte Odendaal*

Wat is nou lekkerder as om deur 'n foto-album te blaai waarin onvergeetlike oomblikke vasgevang is, of om tydens vakansies of naweke saam met jou vriende of kinders video-speletjies te speel? Jy het heel waarskynlik 'n digitale Canon-kamera gebruik om daardie onvergeetlike oomblikke vas te vang en waarskynlik 'n Sony PlayStation op jou Panasonic TV-skerm gebruik om die video-speletjies mee te speel. Buite in die oprit staan dalk 'n praktiese Isuzu-bakkie of spoggerige Lexus-motor – alles produkte wat in Japan vervaardig word.

As jy weer een van hierdie of enige ander Japannees-vervaardigde produk gebruik, kan jy gerus 'n oomblik stilstaan en daaraan dink dat daar vanjaar al vir tagtig jaar 'n sterk band tussen ons kerk en die Gereformeerde Kerk in Japan, die RCJ (***Reformed Church in Japan***), bestaan.

Die afgelope vyftig jaar het daar, danksy **Missie Japan**, 'n baie hegte susterskerkvennootskap en sendingsamewerkingsooreenkoms tussen die RCJ en die NG Kerk ontstaan. Op die oomblik vervul dr Stéphan van der Watt en sy vrou, Carina, hierdie rol waar hulle in Kobe, Japan, as per-manente en langtermyn-sendelinge namens ons Kerk en Missie Japan saam met die RCJ werk. Stéphan is tans 'n voltydse dosent verbonde aan die ***Kobe Reformed Theological Seminary*** waar hy missiologie en pastorale teologie doseer.

*"Die hoogtepunt was veral drie nuwe bekeerlinge wat ons die voorreg gehad het om te kon doop. Dit was niks anders as Goddelike wonderwerke van genade nie!"*

***Ds Tobie de Wet***
*Missie Japan/RCJ*



***Foto**: Megumi san se doop, een van die drie bekeerlinge. Sy het nog nooit 'n Christen ontmoet of geken nie, maar in haar geestelike soeke vind sy Christus deur middel van die Internet en ná maande van Bybelstudie bely sy haar geloof (verskaf).*

Hulle ondersteun ook plaaslike RCJ-gemeentes en hy is in 2019 as predikant van die Westelike Ring aangestel.

Die RCJ bestaan uit ongeveer 10 000 lidmate in 140 gemeentes waarvan 40 nie 'n voltydse predikant het nie.

**Lees** meer »


God roep jou ...
07 - 09 AUGUSTUS
Menuha
Ds Louwrens Scheepers
vb
VROUEBEDIENING
NG Kerk
Vrystaat

# Engo-sorgverlaterskamp rus jongmense toe vir ’n onafhanklike toekoms

ALGEMEEN
*Engo*

***Mediaverklaring**: Vrystelling op 10 April 2026*

***Foto’s**: Verskaf*







Bloemfontein, Vrystaat – Tydens die Maart/April-skoolvakansie het 38 sorgverlaters vanuit jeugsorgsentrums regoor die Vrystaat deelgeneem aan ’n unieke en lewensveranderende Sorgverlaterkamp.

Die kamp fokus daarop om jongmense wat hulle voorberei om die sorgstelsel te verlaat, toe te rus met noodsaaklike lewensvaardighede en selfvertroue om suksesvol hul eie pad vorentoe te stap.

Deelnemers het tydens die kamp opleiding en blootstelling ontvang aan verskeie kernaspekte van onafhanklik leef, insluitend begrotingsvaardighede deur middel van ’n praktiese “Care Leavers Currency”-aktiwiteit, gesonde verhoudings, asook werksplekvoorbereiding en toepaslike werksetiek.

As deel van die program is die jongmense by 23 verskillende werksplekke geplaas, waar hulle praktiese ervaring opdoen in velde soos maatskaplike werk, verpleging, rekeningkunde, administrasie, regswese, die weermag, kleinhandel en die gasvryheidsbedryf.

Hierdie blootstelling help om hul vaardighede te ontwikkel en brei hul toekomsgeleenthede uit.

’n Belangrike tema van die kamp is die arendsimbool, wat die proses van onafhanklikheid verteenwoordig. Deelnemers is bekendgestel aan sewe karaktereienskappe van ’n arend en hoe hierdie eienskappe toegepas kan word in hul eie lewens wanneer hulle die “nes verlaat”.

Die kamp het ook gefokus op hoop en deursettingsvermoë. Tydens ’n spesiale “Stories of Hope”-sessie het voormalige sorgverlaters hul persoonlike ervarings gedeel en jongmense geïnspireer met hul suksesverhale. In twee gevalle het deelnemers selfs permanente werk bekom by organisasies waar hulle tydens vorige kampe geplaas was.

Die volgende Sorgverlaterkamp vind in September 2026 plaas. Persone wat belangstel om betrokke te raak of by te dra, word aangemoedig om kontak te maak.

**Lees** meer »

# KOM, LEES 'N BOEK




*Foto's van bboeke is verskaf*

## Johan Cilliers
### *Sal die regte Jesus asseblief opstaan*

Wie is Jesus? 'n Bleekwit wese met 'n skapie op sy skoot? 'n Revolusionêr met 'n masjiengeweer oor die skouer? Tydens die godsdienstige oorloë tussen Engeland en Frankryk, lui een van die Engelse se slagspreuke: "Die pous is nou wel Frans, maar Jesus Christus is gelukkig Engels!" Hoe lyk die wérklike Jesus dan? Engels? Afrikaans? Boer? Brit? Swart? Bruin? Mens voel lus en vra: Sal die regte Jesus opstaan, asseblief? In hierdie boek met sy 52 besinnings oor Jesus, een vir elke week van die jaar, keer Johan Cilliers opnuut terug na ons enigste betroubare bron oor Jesus, die Bybel. Ten spyte van die karige biografiese besonderhede oor Jesus, bevat dit tog alles wat ons moet weet oor Hom: Hy is God en mens, uniek, Verlosser uit sonde en nood, skuld en dood. Die hoofstukke word in drie gedagte-gange gegroepeer: *As mens gekom, as God geopenbaar; As misdadiger gekruisig, as oorwinnaar opgestaan* en *In die wêreld verkondig, uit genade.* By elke hoofstuk is daar 'n paar besprekingsvrae wat die leser help om die inhoud daarvan nader aan sy eie werklikheid te bring. Mag hierdie boek jou help om Jesus se uniekheid weer eens te ontdek; mag jy jou opnuut aan hierdie Jesus as enigste Verlosser toevertrou. En mag jy ontdek: die regte Jesus hét opgestaan ...

## Ernst Conradie
### *Om reg te stel – oor regverdigheid én geregtigheid*

Wat verg dit om dinge reg te stel as dit eers verkeerd geloop het? Dit is reeds moeilik wanneer iets tussen mense verkeerd loop, maar nog veel ingewikkelder as dit tussen groepe, organisasies en hele samelewings verkeerd loop. En tussen God en mens, Skepper en skepping? Regverdiging en geregtigheid is twee woorde wat verduidelik wat dit verg om dinge reg te stel.

Altwee is belangrik, veral in die gereformeerde tradisie, maar dit is besonder moeilik om reg te laat geskied aan regverdiging én geregtigheid. Hierdie boek gaan oor daardie "én". Die probleem is dat baie mense wat graag oor regverdiging praat nie ewe opgewonde oor geregtigheid is nie, terwyl die omgekeerde ook geld. Hoe, dan, kan regverdiging en geregtigheid sáám herwin word?

BEDIENINGSBEGELEIDING
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**


*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

## NOU BY CLF BESKIKBAAR!

# DieBybel @kinders @R449

**DieBybel@kinders, waarvan méér as 50 000 eksemplare al verkoop het, is in maklike Afrikaans deur kundige Bybelvertalers vertaal - spesiaal vir kinders!**




- 'n Kort opsomming aan die begin van elke Bybelboek.
- Die Bybelboeke is in korter dele ingedeel met opskrifte
- Korter sinne en eenvoudige woorde vir makliker lees
- Ideaal vir voorlees, maar net so reg vir selflees

**Koop aanlyn of besoek jou naaste CLF Boekwinkel ---> shop.clf.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

# VEELS
## GELUK



Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**APRIL**

19 – Mev Celicia McLean, SINODALE KANTOOR

19 – Mnr Tertius Botha, SINODALE KANTOOR

21 – Ds Fanus Henning, AANDBLOEM

22 – Mnr Josua Sebolai, MOOIGENOEG KAMPTERREIN

27 – Mej Ronzélle van Vuuren, SINODALE KANTOOR

27 – Dr Deon Serfontein, VAALPARK

28 – Ds Janke Hurter, BERG-EN-DAL

29 – Ds Gideon Lamprecht, BETHLEHEM-PANORAMA

29 – Ds Petrus Fouché, HEILBRON-SUID

30 – Ds Henry Williams, KERKENBERG

**MEI**

04 – Ds Johan Labuschagne, UNIVERSITASRIF

05 – Ds Horace van Coller, DEWETSDORP

*- Lekker verjaar -*



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Aardedag

## “Ons krag, ons planeet”

**Opvoeding oor die beskerming van die aarde raak toenemend belangrik en ons as gemeentes kan ’n baie bepalende en invloedryke rol hierin speel.**

Wat is nou mooier as ’n gloeiende sonsondergang oor ’n woestyn of oor die wye oop see? Wat is lekkerder as om deur branders te duik of op bospaadjies deur ’n digte woud te stap? Wat raak ons dieper as Namakwaland se kleurryke blommeprag of die sonsopkoms oor die heuningkleurige Golden Gate in die Malutiberge?

Ons planeet is ’n wonderwerk van lewe; ons enigste tuiste. Dit word egter bedreig deur ondeurdagte en selfsugtige aksies wat die voortbestaan van ons besondere planeet ernstig bedreig.

Opvoeding oor die beskerming van die aarde raak toenemend belangrik en ons as gemeentes kan ’n baie bepalende en invloedryke rol hierin speel.

**Lees** meer »




### HOE WERK DIE PROGRAM?




### HOE WERK BYEENKOMSTE?




### SAAM IN LOF




### HOE WERK DIE VERVOER?






# Ons soek jou stem

# IDEE ATELJEE



Neem 'n inspirerende, kort toespraak op en staan 'n kans om dit by die Predikante Saamkoms in Augustus te deel.

**Kom deel jou idees**

Lees **hier**

## PREDIKANTE **SAAMKOMS**

SAAM **BID** | SAAM **VIER** | SAAM **KUIER** | SAAM GROEI


REGISTREER
VANDAG
55ste SINODE
VAN DIE NG KERK VRYSTAAT
NG Kerk
Vrystaat
55ste
SINODE
NG KERK VRYSTAAT


Pinksterreeks / Pentecost series
2026
ONTWRIG DIE
VERDEELDHEID
Laai dit van CLF se Hulpbronsentrum af
Download it from CLF's Resource centre
: https://clf.co.za/resource-toolkit/



LAASTE KANS!
PLEKKE RAAK MIN!
ESTERFEES
BOSHOF
18 APRIL 2026
Moenie hierdie geleentheid misloop nie!
Ontdek jou IDENTITEIT as die Bruid van Christus
Leer hoe om sterk te staan in 'n tyd soos hierdie
Jy soek nuwe rigting en vervulling
Verdiep jou verhouding met God, beskerm jou hart en loop in Sy Krag!
VOEL JY GEROEPE?
GOD HET 'N DOEL VIR JOU LEWE!
18 APRIL 2026
TYD: 8h30 – 13h00
WAAR: NG Kerk Boshof
LIGTE ETE INGESLUIT
GESKENKSAKIE INGESLUIT
PRYS: R200
Bespreek NOU!
MOENIE UITSTEL NIE!
met Elza Meyer
Turn2God Ministries
TURN TO GOD MINISTRIES
KONTAK & BESPREEK:
Mary 064 690 1618
Estie 083 976 3504
KOM KRY JOU BLOMKROON EN RING!
Nooi 'n vriendin saam – jy wil dit nie alleen beleef nie!



Home
Content
Shop
Profile
e | Een jaar digitale toegang
TEMA KATEGESE
Doen meer
www.missio.org.


vertel
Gee soos Jesus
www.bybelmedia.co.za


LEEF 'N GEESVERVULDE LEWE
DIRKIE VAN DER SPUY
Groei geestelik deur kleingroepe
Bestem tot geestelike groei
DIRKIE VAN DER SPUY
Wanneer die Heilige Gees werk
DIRKIE VAN DER SPUY
ie Van der Spuy
www.bybelmedia.org.za


Engo Kinder- en Jeugsorg bied aan
Meesterstuk 5
DIE LEWE IS IN LIED
iet die aand saam met ons Jeugsorgsentrumkinders en Cezann
Mei 2026 from 17:30
rds & Lace
r persoon & R3000 per tafel
vir Marinique 073 566 0078
Engo
KONSERT • VEILING • ETE
www.engo.


rootste!!
Slag- en stoo
TROMPSBURG L
17 Ap
de heus
MEERKAT ONLINE AUCTIONS
BEMARKER: WILLEM BOTHA 072 868 4087
TROMPSBURG LANDBOU: EDWIN WILMOT 079 875 8227
VLEISSENTRAAL: 041 001 0122 | lizev@vleissentraal.co.za
Terme en voorwaardes geld


engo
COFFEE UNIQUE
'n Unieke koffie ervaring in Kroonstad
Ondersteun die Edelkroon Sentrum vir Bejaardes.
www.engo.co.za


Paasfees
BYBELUITVERKOPIN
AFRIKAANS
2020-vertaling
DIE BYBEL
R107*
SPAA
45
Volledige Bybel, mediumgrootte, swart hardeband, voetnote, kruisverwysings, woordelys en kaa
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za
Bybelgenootskap van Suid-Afrika


SPAAR TOT SOVEEL AS 50%
Paasfee
BYBELUITVERKO
2 MAART – 30 A
DIE BYBEL
BYBEL
www.bybelgenootskap.co.za
Bybelgenootskap van Suid-Afrika
www.bibleshop


Paasfees
2 MAART – 30 APRIL 2026
BYBELUITVERKOPING
WAS R520 NOU R299
WAS R520 NOU R299
DIE BYBEL
DIE BYBEL
AR TOT SOVEEL AS 50%
BESTEL VAND
sales@biblesociety

## ouditorium te huur





# BYBELHUIS BLOEM

Ons wêreldklas ouditorium kan gehuur word

- Billike fooie ✓
- Veilige parkering ✓
- Klank en beeld ✓
- Privaat of besigheid ✓



**BESPREEK NOU**

051-4445980
elrika@biblesociety.co.za
220 Nelson Mandela Rln

**Dr Ben Joubert**

*Gemeentepredikant*



# Narratiewe Pastoraat

**Narratiewe pastoraat** is 'n postmoderne benadering tot berading wat fokus op die verhale wat mense vertel om hul lewens te konstrueer deur denke en narratiewe teologie, wat weg beweeg van objektiewe patologie na subjektiewe storievertelling. Dit skei die persoon van die probleem, wat nuwe perspektiewe moontlik maak.

4 DIDASKO-**DINSDAE** | **ZOOM**-SESSIES

2 VBO-PUNTE | 2 VBO-PUNTE | 2 VBO-PUNTE | 2 VBO-PUNTE

| Dinsdag | Dinsdag | Dinsdag | Dinsdag |
|---|---|---|---|
| **21 APR** | **28 APR** | **5 MEI** | **12 MEI** |
| 19:00 - 21:00 | 19:00 - 21:00 | 19:00 - 21:00 | 19:00 - 21:00 |

*Hierdie benadering bied 'n kragtige manier om mense te begelei in die vind van nuwe betekenis en rigting in hul lewensverhale.*

didasko
'n Lerende gemeenskap

**NAVRAE** leon@ngkvs.co.za


# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




**21 April**

2 VBO-punte

Sessie 1: Narratiewe Pastoraat met dr Ben Joubert




**21 April**

5 VBO-punte

'n Pastoraal-holistiese benadering tot kanker




**28 April**

2 VBO-punte

Sessie 2: Narratiewe Pastoraat met dr Ben Joubert




**5 Mei**

2 VBO-punte

Sessie 3: Narratiewe Pastoraat met dr Ben Joubert




**5 Mei**

10 VBO-punte

Sessie 2: Hospitaalbesoek van kroniese siek persone




**12 Mei**

2 VBO-punte

Sessie 4: Narratiewe Pastoraat met dr Ben Joubert



**21 Mei**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *Antonius* met Lisel Joubert



**23 Julie**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *Edith Stein met Lis*el Joubert



**22 Oktober**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *Oscar Romero* met Lisel Joubert


# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

**Kollig** Luister nou

**Ondersteun Kerkbode** Maak 'n donasie



### Elders gesien | Gospelsanger en omroeper Johnny Davids oorlede

*16 April 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*

»




### Kollig-podsending | "n Christen se primêre uitgangspunt is, ons is vredemakers' – Gesprek met Stephan Joubert

*15 April 2026*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

»



### 'Die skryf van kerkliedere is vir my 'n gawe en 'n roeping' – in gesprek met Flam- en Vonkk-stigterslid Jacques Louw

*14 April 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Heléne Meissenheimer*

»



### 'Groot boom op brutale wyse verwyder,' sê vriend oor dood van afgetrede predikant, Danie Oosthuizen

*10 April 2026*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*


»



### Elders gesien: Tieners vind hul plek in God se storie

*9 April 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*

»




### Kortlyste van die Andrew Murray Desmond Tutu Prysfonds se pryse vir 2026 bekend

*3 April 2026*
*Kerkbode*
*Verklarings*


»

Google Play    kerkbode.christians.co.za    App Store

BM Bybel-Media

## Wanneer die Heilige Gees werk

**R180**




### Die Persoon, die werking en die gawes van die Heilige Gees

Die Heilige Gees: Wie is Hy? En hoekom moet ek Hom leer ken? Begeer jy 'n Geesvervulde lewe waar die vrug en die gawes van die Gees funksioneer? Vrae soos "Wat word verstaan onder doop en vervulling met die Heilige Gees?", "Kom hierdie gawes vandag nog voor en is dit vir elke Christen bedoel?", "Wat presies sê die Bybel oor spreek in tale en wondergenesings?", "Wat is die gawe van onderskeiding van geeste?", "Wat is 'n 'woord van kennis' en 'n 'woord van wysheid'?" en "Wat bedoel Paulus as hy sê dat alle Christene hulle moet beywer om te profeteer?". Leer hoe die Heilige Gees op 'n nuwe manier in jou lewe kan werk en sodoende geestelike groei, herlewing en opbou in die Kerk sal bring.

## Groei geestelik deur kleingroepe

**R180**




### 'n Handleiding vir groei in groepe

'Kleingroepe is in die hart van God. Al meer kerke en gelowiges ontdek die seën van kleingroepe soos in die begin van die Christendom. Dit is deel van God se plan vir die organisasie, opbou en uitbreiding van sy kerk.' In die afgelope paar jaar het kerke dwarsoor die wêreld opnuut die seën en vrug ontdek wat deur kleingroepe kom. Elke gemeente wat groei, sal kan getuig watter wonderlike ontdekking hulle gemaak het en watter momentum kleingroepe in hulle gemeentes gebring het. Mag jy ook ervaar hoe kleingroepe wonderlike nuwe geestelike seën in jou eie hart en jou kleingroep bring.

## Die heel beste jy!

**R180**




### Vind vreugde in 'n lewe van volkome vervulling – na liggaam, siel en gees

Ontsluit die hart van Spreuke 4:23 deur werklik gesond te wees – na liggaam, siel en gees! *Die heel beste jy!* bied 'n unieke perspektief wat jou wys hoe om dit te doen: Die belangrikheid daarvan om jou liggaam gesond te hou deur die regte voeding en oefening, hoe ons elkeen gesonde emosies kan kweek en só verseker dat gister se bagasie nie jou hede negatief beïnvloed nie en 'n gesonde geestelike lewe waar God die heel belangrikste prioriteit in jou lewe is, te vorm. Maak die bonatuurlike vreugde en vrede wat slegs God vir jou kan gee jou eie!

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

### VAKATURES

vakatures@tydskrifte.co.za

### AMPTELIK

kerkbode@tydskrifte.co.za

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**BEVESTIGING** | **Prof Juanita Meyer** se bevestiging met handoplegging deur prof Kobus Schoeman het op Sondag 12 April 2026 om 09:30 by die NG Gemeente Waterbron, Vergezochtweg, Bainsvlei plaasgevind.

**KENNISGEWING** | **Ds Hendrik Christoffel van Wyk**, leraar van NG Gemeente Smithfield se dienskontrak het op 28 Februarie 2026 tot 'n einde gekom. NG Gemeente Smithfield is in die proses om 'n nuwe leraar te beroep.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS



*Foto:* *Prof Juanita Meyer (verskaf)*

ALGEMEEN
Leraar van NG Gemeente Waterbron
*Prof Juanita Meyer*

# Tussen “Hier is ek!” en “Wie is ek?”

In die tydperk tussen Opstanding en Hemelvaart word ons opnuut bewus van die stemme van Bybelse figure, stemme wat oor eeue heen bly weerklink in die lewe van gelowiges. Dit is stemme van roeping, maar ook van twyfel; van sekerheid, maar ook van diepe afhanklikheid.

Aan die een kant hoor ons die gewillige antwoord van geloof: “Hier is ek!” (Eksodus 3:4). Aan die ander kant hoor ons die eerlike vraag van menswees: “Maar wie is ek?” (Eksodus 3:11). Hierdie twee uitdrukkings vorm saam ’n dinamiese spanning wat kenmerkend is van die geloofslewe. Hierdie spanning is nie beperk tot een Bybelse figuur nie. Dit loop soos ’n goue draad deur die verhale van Moses, Dawid en selfs Jesus. Moses antwoord gewillig op God se roepstem, maar twyfel onmiddellik aan sy eie geskiktheid.

Dawid bely met oortuiging dat die Here sy lig en redding is (Psalm 27:1), maar soek terselfdertyd beskerming en leiding in tye van onsekerheid. Selfs Jesus, in die aangesig van sy lyding, spreek sy worsteling uit: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan” (Matteus 26:39), en later: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” (Matteus 27:46).

Hieruit word dit duidelik dat roeping nie ’n enkele, afgeslote gebeurtenis is nie, maar eerder ’n voortdurende proses. Dit is iets wat hom afspeel in die ruimte tussen sekerheid en onsekerheid, tussen gehoorsaamheid en twyfel - tussen “Hier is ek!” en “Wie is ek?”.

Hierdie insig is besonder relevant vir gelowiges in die 21ste eeu. Ons leef in ’n wêreld waar sekerheid, beheer en beplanning hoog geag word. Ons beroepe en lewensrigtings word dikwels gemeet aan duidelike uitkomste en voorspelbare resultate.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

# Cantando

## *feeskonsert*

### Drie Kore | Een stigter

cantando @ d b a

delta
bloem
algoa

**2 MEI 2026**
**SATERDAG | 18:00**
R60PP BY QUICKET
OF BFN KOORLEDE

**NG KERK BERG-EN-DAL**
HV ALBRECHT EN GENL
HERTZOGSTRAAT, BLOEMFONTEIN



NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2026**

Departement
*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*